
Januarie - Februarie 2010

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 9, No. 1 Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Reageer op die Waarheid!

As daar een ding is wat ek vir u as leser van *Die Wêreld van Môre* kon toewens, was dit dat u die geloof en moed kan hê om op die Waarheid te *reageer*. Deur hierdie tydskrif sowel as ander fasette van die Werk, bied ons aan u kosbare **waarheid** wat deur die meerderheid van die mensdom nie verstaan word nie. Soos Jesus gesê het: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want *die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is* ***min*** *wat dit vind*" (Mattheus 7:13-14).

Omdat die egte waarheid van God se weg so baie verskil van die "algemene" godsdiens, huiwer baie mense om iets daaromtrent te doen. Andersins is hulle bang dat dit "tot iets sal lei" waarvan hulle nie hou nie en daarom plaas hulle dit uit hul gedagtes. Soos Sir Winston Churchill gesê het: "Die mensdom struikel soms oor die Waarheid, maar die meeste van hulle staan op en stap flink weg asof niks gebeur het nie!"

*Is dit 'n raak beskrywing van* ***uself****?*

In die hoofartikel van ons Julie - Augustus 2003 uitgawe, bespreek ek een van die belangrikste aspekte wat *u* vierkantig in die oë staar. Met die wêreld wat oorlog in die gesig staar en daagliks met die gevaar van terrorisme saamleef, is dit belangrik dat ons besef waarvan God ons in Sy Woord vertel en waarteen Hy ons waarsku. Wanneer Christus binne die volgende paar jaar uit die hemel terugkeer met die trompetgeskal van die sewende basuin en die stede van hierdie rebelse samelewing tot in hul fondamente **geskud** word (Openbaring 16:17-20), sal **u** gereed wees en kwalifiseer om saam met Christus in Sy koninkryk te **regeer**? Soos die apostel Paulus geïnspireer is om te skryf: "*Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal* ***oordeel*** *nie?*" (1 Korintiërs 6:2).

Wil dit vir u voorkom asof God "ver weg" is en blyk al die Bybelverse oor Christus, wat 'n *werklike koninkryk* hier op Aarde kom vestig, vaag en onwerklik te wees? Het u God al werklik leer ken of het u bloot "groot geword" in u ouers se kerk of moontlik slegs by 'n kerk van u eie "keuse" aangesluit? Is "u" kerk werklik *God se Kerk*? Onderrig dit die egte Waarheid oor die hele **doel** vir die menslike bestaan?

**Dink –** *vir u eie ewige onthalwe* – asseblief hieroor!

Jesus Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44). Indien God u verstand open vir dit wat *werklik* aan die gang is in geprofeteerde wêreldgebeure en vir ware Christene se *dringende behoefte* om gereed te maak vir **heerskappy** in Christus se komende koninkryk

(Openbaring 2:26-27), dan hoop en bid ek dat *u* sal **reageer** op daardie lewensbelangrike kennis! *Tyd is min*. Ons leef werklik in die "laaste dae" van hierdie wêreld se samelewing onder Satan die duiwel se invloed.

Om die Waarheid te *ken* is *nie genoeg* nie! U moet die moed hê om op die Waarheid te **reageer**. Vele verse dwarsdeur die Bybel wys ons dat ons moet reageer. Een van my gunsteling skrifgedeeltes is Jakobus 1:22: "En word **daders** van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie".

Namate ons in hierdie Werk die Amerikaanse en Britse afstammelinge *waarsku* teen die komende Groot Verdrukking, hoor honderde duisende mense ons boodskap oor die televisie, radio of deur die Internet, maar hulle is dikwels verlam deur *besluiteloosheid* – deur die *onwilligheid* om *enigiets* daaraan te **doen**! Let daarop hoe dikwels mense versuim om op God se boodskap te reageer. God vertel aan Esegiël: "En jy, mensekind, die kinders van jou volk wat oor jou gesels langs die mure en in die deure van die huise - hulle spreek die een met die ander, elkeen met sy broer, en sê: Kom tog en hoor wat die woord is wat van die HERE uitgaan. En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, *maar hulle doen dit* **nie**; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Reageer op die Waarheid!**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Die Waarheid wat byna niemand weet nie! 3**
Wat gebeur met 'n kind wat "ongered" sterf? Wat gaan werklik gebeur met "oom Ben" wat tog so lief vir sy drankie was? Is biljoene Moslems, Hindoes en anti-Christene vir ewig verlore?

**Bestaan daar 'n werklike duiwel? 9**
Beïnvloed die wêreld van okkultisme ons jeug en ons hele samelewing toenemend? Is die duiwel werklik, en indien wel, hoe mislei hy die mensdom?

**Waarom is u gebore? 14**
Is daar 'n doel met die menslike lewe?

**Wat gebeur wanneer u sterf? 18**
Daar is baie vreemde beskouings aangaande die lewe na die dood! In die naam van Christelikheid word baie teenstrydige idees onderrig. Wat gebeur *werklik* wanneer u sterf?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Profesie neem gestalte aan 24**

Artikels van hierdie uitgawe van die Wêreld van Môre het alreeds voorheen op die Internet verskyn. As gevolg van verskeie navrae in die verband het ons besluit om bovermelde artikels weer in hierdie uitgawe te publiseer.

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die Waarheid wat byna niemand weet nie!

Deur Roderick C. Meredith

***Wat gebeur met 'n kind wat "ongered" sterf? Wat gaan werklik gebeur met "oom Ben" wat tog so lief vir sy drankie was? Is biljoene Moslems, Hindoes en anti-Christene vir ewig verlore?***

Die meeste van ons het afgestorwe vriende of familie wat nie geglo of enige vorm van Christenskap beoefen het nie. Waar *is* hulle nou? *Wat* sal hulle uiteindelike lot wees?

Eerlikwaar, die hoofstroom-Christendom het nie die antwoorde nie!

Die meeste predikante skep die indruk dat God nou "probeer" om *almal* "te red". Hy word byna voorgestel as 'n arme jaghond wat biljoene mense, wat nie in enige vorm van Christenskap glo nie, te probeer uitsnuffel en "red". Die meeste outydse kerke wat die Bybel erken, verkondig hierdie konsep reeds vir eeue. Die moderne, "liberale" kerke wat die Bybel nie letterlik interpreteer nie, omseil die probleem deur te sê dat God almal sal red wie se "hart reg is" of wat hulle godsdiens (*wat dit ookal* is!) met "opregtheid" beoefen.

*Sal Hy dan wérklik doen wat hulle verwag?*

Indien u die *regte* antwoord wil hê oor wat sal gebeur, moet u *glo* wat die Bybel – die geïnspireerde openbaring van die Skepper God – *werklik sê*. Indien u nie die Bybel glo nie, dan is een persoon se "idee" of "teorie" so goed as die van die volgende persoon sin. Is *u* bereid om u verstand oop te maak en te glo wat die *Bybel werklik sê*?

**Waar gaan die dode heen?**

Die outydse predikante sê aan mense dat hulle onmiddellik hemel of hel toe gaan wanneer hulle doodgaan, maar die Bybel sê *niks van die aard nie*! Jesus sê: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die **aarde** beërwe" (Mat. 5:5). Verder sê Jesus ook: "Niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het" (Joh. 3:13).

Soos ons al dikwels in hierdie tydskrif verduidelik het; die werklike "doel" van die ware Christen is nie om vir ewig in die hemel "rond te hang met **niks** om te doen nie". Werklike Christene is nou besig met "opleiding" om konings en priesters te word op *hierdie aarde*, om Jesus Christus te help om God se *ware weë* aan die wêreld te leer en om uiteindelik werklike *vrede* en *vreugde* te bring. Soos die geïnspireerde gebed van die heiliges dit stel: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons *konings* en *priesters* vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde* **heers**" (Op. 5:9-10).

Die Bybel maak dit baie duidelik dat ware Christene, wat gesterf het, nou wag vir die *opstanding* wat sal plaasvind by Christus se Wederkoms. 1 Korintiërs 15 word die "opstandingshoofstuk" genoem omdat dit die opstanding deeglik beskryf! Lees 1 Kor. 15:21-23: "Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms".

Jesus sê reguit: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe ... Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die **opstanding** van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die **opstanding** van die veroordeling" (Joh. 5:25, 28-29).

Bogenoemde teksverse behoort dit baie duidelik te maak dat die "dode" werklik **dood** is **–** nie in die hemel rondsweef of in

die hel brand nie! Selfs die dooies wat "goed gedoen het", wag die "opstanding van die lewe" af (vers 29). Enige ander verduideliking weerspreek letterlik dosyne ander, duidelike teksverse. Jesus self sê dat "die Skrif **nie** gebreek **kan word nie**" (Joh. 10:35).

Wat dan van die **biljoene** mense wat na God se beeld gemaak is, wat **nooit** 'n werklike geleentheid gehad het om te hoor van die Christus van die Bybel en om Hom as hulle Verlosser te aanvaar nie? Het God dubbele standaarde? Het Hy 'n "ander manier" om ewige lewe te bekom? Of is dit nou maar jammer vir daardie biljoene mense omdat 'n ongenaakbare God "gunstelinge" het en vir sommige mense 'n "kans" gee, terwyl ander *hoegenaamd geen kans* kry nie?

Kom ons wees **realisties**!

Die *waarheid* is beslis nie wat u geleer het in hoofstroom "Christendom" nie. Tog is dit wonderlik en betekenisvol vir diegene wat verstaan. Dit word ook nie gevind in 'n boek anders as die Bybel of 'n teorie deur 'n selfaangestelde profeet nie. Dit was nog al die tyd daar, in *u eie Bybel*. Dit is die *Waarheid* waarvan byna niemand weet nie!

**God probeer NIE nou om die wêreld te red nie!**

U Bybel maak dit baie duidelik dat hierdie **nie** God se wêreld is nie. Dit is **nie** die stelsel of samelewing wat God die Skepper gevestig het nie. Nee, God het eerder aan die mens 6,000 jaar gegee onder die invloed van Satan, die duiwel, om sy eie gang te gaan, om sy eie idees te probeer en om moeilike lesse deur *menslike lyding* te begin leer. Die Apostel Paulus skryf: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Kor. 4:3-4).

Later was die Apostel Johannes geïnspireer om te skryf: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die hele wêreld **verlei** **[mislei]***" (Op. 12:9). Was Johannes reg? Is die "hele wêreld" werklik **mislei**? Natuurlik *weet* 'n waarlik "misleide" persoon *nie* dat hy mislei is nie. Andersins sou hy nie mislei gewees het nie!

Onthou Jesus se stelling aan Sy dissipels: "Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste** van hierdie wêreld kom en het aan My **niks** nie" (Joh. 14:30). Net soos die Apostel Johannes geskryf het aan die ware Christene van Sy tyd: "Ons weet dat ons uit God is en die **hele wêreld** in die mag van die Bose lê" (1 Joh. 5:19).

As die *hele wêreld* dus "verblind" is, soos Paulus skryf en die hele wêreld mislei is, soos die Apostel Johannes skryf, verduidelik dit sekerlik waarom **biljoene** mense nog **nooit** die ware Evangelie gehoor het nie! Sal 'n regverdige God hulle dan net in die graf los of hulle in 'n ewigbrandende vuur *verbrand*?

*Natuurlik nie!*

Verstaan asseblief dat dit net 'n kwessie is, van **wanneer** God verkies om elke individu te "roep" tot werklike kennis van die Waarheid en 'n werklike geleentheid tot redding. *Almal* sal uiteindelik geroep word. Let daarop, toe van die Heidene vir die eerste keer geroep is, het die Apostel Petrus gesê: "Ek sien waarlik dat God **geen aannemer van die persoon is nie**, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (Hand. 10:34-35). Paulus het ook gesê: "Want daar is **geen aanneming van die persoon** by God nie" (Rom. 2:11).

Dit is waarom Jesus in gelykenisse gepraat het teenoor almal behalwe Sy persoonlike dissipels: "En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie" (Mark 4:11-12). Die Bybelse waarheid is direk die teenoorgestelde van wat die meeste van ons in die Sondagskool of kerk geleer het – dat Jesus in gelykenisse gepraat het, sodat "almal kon verstaan". Inteendeel, die **teenoorgestelde** is waar! Jesus het in gelykenisse gepraat sodat die algemene publiek **nie** sou verstaan nie! Jesus het nie probeer om *in daardie tyd* die wêreld te bekeer nie.

Ons sien dus dat God **nie** "probeer" om nou – *in hierdie tyd*

– die wêreld te "probeer" bekeer nie; andersins sou Hy dit **gedoen het**! Een van God se name is "El Shaddai", **God die Almagtige**. **Niks** kan God dus daarvan weerhou om die wêreld te bekeer, indien dit Sy werklike bedoeling is nie!

**Wat God NOU bereik**

Die Apostel Petrus was geïnspireer om vir ons te sê: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Pet. 3:8-9).

*Sien u?*

God is nie "haastig" met die uitvoering van Sy groot doel nie. Op Sy tyd **– nie** ons s'n nie **–** wil God hê dat "almal" tot **bekering** moet kom. Hy dui aan dat Sy plan oor *duisende* jare bereik sal word! Onthou weer eens dat God **nie** *nou* probeer om die wêreld te red nie. Hy veroordeel egter nie almal wat **mislei** is deur Satan, die duiwel, die "god van hierdie wêreld" vir wie God die Skepper toegelaat het om in hierdie tyd die wêreld te beïnvloed en regeer nie.

Onthou hoe God die bose stede van Sodom en Gomorra "veroordeel" het deur hulle "tot as te verbrand" en hulle "as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees" (2 Pet. 2:6). Wanneer 'n mens egter verstaan, besef jy gou dat daardie seksperverte **verblind** was vir die waarheid en die *ware God* nie geken het nie. Hoe sal God dus uiteindelik te werk gaan met daardie verblinde mense wat **nooit** 'n ware kans tot redding gehad het nie?

In Matteus 11 verduidelik Jesus hoe die stede in Sy tyd geweier het om die Waarheid te hoor: "Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle" (verse 21-22). Jesus het toe 'n merkwaardige stelling gemaak: "Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die **oordeelsdag**" (vers 24). Daar kom dus 'n "oordeelsdag" wanneer dit "verdraagliker" sal wees vir Sodom en Gomorra as vir die stede in Jesus se tyd. Jesus *erken hier duidelik* dat daardie ou stede nie 'n werklike geleentheid tot redding gehad het nie. Die Waarheid is **nooit** aan hulle aangebied nie. Hulle het **geen kans** gehad nie!

God het die Apostel Paulus geïnspireer om die volgende van die Heidene in Efese te sê: "Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, **sonder hoop** en **sonder God** in die wêreld" (Ef. 2:11-12). Die absolute *waarheid* is dat God die meeste mense "toegelaat" het om hulle eie gang onder Satan se invloed vir die laaste 6,000 jaar te gaan. Die Almagtige God het **nie eens probeer** om hulle te "red" nie; andersins sou hulle *gered gewees het!* Hy het 'n "oordeelsdag" beplan – **nie** 'n "dag van verdoemenis" nie **–** sodat daardie **biljoene** mense 'n *werklike* geleentheid tot redding sal kry en dan "geoordeel" sal word volgens wat hulle doen, in daardie tyd wat hulle oë werklik vir die Waarheid "geopen" word!

Hoe sal hulle gered word? God se geïnspireerde Woord is *baie duidelik* deur te sê dat die **enigste** weg tot ewige lewe deur Jesus Christus is! Jesus self het gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n **ander kant** af inklim, hy is 'n dief en 'n rower ... Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **Ek is** die **deur** van die skape. Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie" (Joh. 10:1, 7-8). Jesus **verdoem** hier baie duidelik enige "ander weg" tot ewige lewe! God alleen kan vir ons ewige lewe gee. Hy stel die voorwaardes **– nie** misleide mense wat sentimentele gedagtes het oor vals "Christendom", Hindoïsme, Boedisme, Islam, "Nuwe Era"-teorië of enige ander idee of teorië van mense nie!

Die Apostel Petrus was geïnspireer om dit uitdruklik te stel: "Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk

van Israel dat deur die Naam van **Jesus Christus**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die **steen** wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:10-12).

**Die Wit Troon Oordeel**

Ons het vroeër gelees dat op die geprofeteerde "oordeelsdag" dit "meer draaglik" sal wees vir die Sodomiete, as vir die mense van Jesus se tyd wat Hom persoonlik verwerp het. Die geïnspireerde evangelie van Lukas voeg besonderhede by Matteus se weergawe. In Lukas 10:13-14 sê Jesus Christus: "Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel **verdraagliker** wees as vir julle".

Die duidelike aanduiding is dat, aangesien antieke Tirus, Sidon en Sodom nie 'n werklike geleentheid gehad het om die Waarheid te leer nie, hulle nie verantwoordelik gehou sal word aangesien hulle verblind was nie. In werklikheid stel Jesus dit dat Hy weet dat hulle hulle "*sou* **bekeer** *het*" (vers 13) indien hulle Jesus se groot werke gesien het.

Aangesien God nie 'n **aansiener des persoons** is nie, mag u wonder: *wanneer* en *hoe* sal hierdie antieke heidenstede en die ander **biljoene** ewe verblinde mense, 'n *werklike* geleentheid gegun word om God se doel in die lewe te verstaan en om redding te bekom? Praat die *Bybel* ooit van so 'n tyd?

Ja, definitief! Die boek Openbaring gee die tydsverloop van profetiese gebeure duideliker aan as enige ander Bybelboek. Openbaring 19:11-21 beskryf Christus se terugkeer in volle glorie, as Koning van konings (verse 14-16). Ná die vernietiging van die leërmagte van die komende Europese diktator wat "die Dier" genoem word, werp Christus hom en die komende vals godsdiensleier in die "Poel van Vuur" (vers 20).

God beskryf dan 'n magtige engel wat aarde toe kom: "En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei [mislei] totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word" (Op. 20:2-3). Let wel, hierdie verse sê ook vir ons dat Satan die nasies van hierdie wêreld **mislei** het!

Nadat Satan gebind is, begin die heerlike milleniale heerskappy van Christus op aarde. Met verwysing na daardie tyd, wys Openbaring 20 dat die ware heiliges "geleef en as konings geregeer [het] saam met Christus die duisend jaar lank" (vers 4). Dan word daar vir ons gesê: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank" (vers 6).

Ware Christene wat werklik deur God "geroep" is, *verstaan Sy doel*. Hulle weet dat hulle nou "met opleiding" besig is om konings en priesters te word in Christus se komende regering op aarde – dat hulle *selfs oor* **engele** *sal heers* (1 Kor. 6:1-3)! Die komende milleniale regering van Christus en die heiliges (Dan. 7:26-27) sal 'n fantastiese geleentheid wees om die menigte verwarde mense op aarde te help, te bemoedig en te leer aangaande God se ware weë.

Wat gebeur dan met die **biljoene** "verblinde" mense wat voor die Mellinium sterf, wat **nooit** die ware God en Sy Plan geken het nie? Besef tog dat dit *baie* **miljoene** belydende Christene insluit, wat nou leef en nooit werklik bekeer het nie! Dit sluit *miljoene* jong mense wat nooit lank genoeg geleef het om te verstaan, werklik berou te hê en in genade te **groei** in God se kennis nie, in. Dit sluit *miljoene* welmenende maar swak mense met al hulle probleme in, wat hulleself "Christene" mag noem maar wat **nooit** werklik verstaan het en hulle aan God oorgegee het nie.

Na die beskrywing van 'n relatiewe kort tydjie wat Satan weer uit sy gevangenis losgelaat

word en weer eens gou 'n menigte mense mislei (Op. 20:7-10), begin God se Woord aan ons vertel van die Groot Wit Troon Oordeel-periode. Kyk eers vir 'n oomblik terug na vers 5. Hier, ingevoeg as 'n terloopse opmerking, na die beskrywing van die duisend jaar regering van die heiliges, sê God se Woord: "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie".

Die "ander" dode? Ja! Die **biljoene** mense van die verlede wat nooit tot redding "geroep" was nie en daarom noodwendig nie **enige kans** gehad het om in die eerste opstanding te wees nie.

Kyk in Openbaring 20:11-12: "En ek het 'n **groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is **geoordeel** na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke".

**'n Tyd van werklike BEGRIP**

Hier vind ons 'n beskrywing van moontlik die **wonderlikste** gebeurtenis in die menslike geskiedenis, 'n tyd wanneer **alle** mense **–** onbekendes, gewildes en ongewildes **–** werklik sal verstaan waarom hulle gebore is! Hierdie mense wat voorheen dood was, word gesien waar hulle "voor God staan" **–** duidelik in 'n **opstanding**. Dan word die "boeke" geopen. Die woord "boeke" is hier vertaal vanaf die Griekse woord *biblion*, dieselfde woord vertaal as "Bybel" – wat beteken die *boeke van die Bybel*!

Uiteindelik, sal die boeke van die Bybel vir al hierdie voorheen verblinde mense *van oor die eeue heen* – insluitend dié van **ons tyd –** se begrip vir hulle "oopgemaak" word. Die sluier wat in die verlede daaroor was, sal dan **vernietig** word! Uiteindelik sal daardie mense hulle eerste *ware* geleentheid kry om God te *ken* en om te besluit of hulle hul wil bekeer en die ware Christus as Here en Verlosser aanvaar, of om hulle eie gang te gaan.

Openbaring beskryf dan die opening van 'n ander boek – die Boek van die Lewe. Paulus beskryf die heiliges as hulle wie se name in die "Boek van die Lewe" geskryf is (Fil. 4:3). Openbaring 21:27 beskryf die Nuwe Jerusalem, bewoon deur "net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam".

Die geleentheid tot ewige lewe word uiteindelik aangebied aan daardie menigte mense "groot en klein". Hulle word opgewek tot *fisiese lewe,* moontlik vir 'n tydperk van 100 jaar – lank genoeg vir 'n behoorlike geleentheid om te leer en te groei, om getoets en beproef te word ten opsigte van hulle bereidwilligheid om die ewige lewe volgens die weg van God te leef (Jes. 65:20). Hulle sal geroep word en 'n geleentheid gebied word om die Bybel te bestudeer en te verstaan. Dan – slégs dan – sê God dat hierdie opgewekte mense "geoordeel [is] na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Op. 20:12). Uiteindelik, na 'n *werklike* kans om die waarheid te ken en daarop te reageer, word hierdie mense geoordeel volgens hulle reaksie op en hulle gehoorsaamheid aan die leringe van die boeke van die Bybel. Jakobus was geïnspireer om vir ons te sê: "Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself **dood**" (Jak. 2:17).

Moet geen fout maak nie: **indien** hierdie biljoene voorheen **verblinde** individue geoordeel word slegs volgens die werke van hulle vorige lewens **–** baie van hulle as diewe, prostitute, diktators en vals profete **–** sal hulle almal sekerlik vergaan in die Vuurpoel! In hulle vorige lewens het hulle **nie** die enigste naam wat gegee is onder die hemel, waardeur ons verlos moet word, aangeneem nie. Hulle het **nie** werklik van hulle verkeerde weë "bekeer" (Hand. 2:38) en hulle lewens aan Christus **oorgegee** en Hom toegelaat om **–** deur die Heilige Gees **–** hulle te vorm en te maak en om hulle te help om "toe [te] neem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" nie (2 Pet. 3:18).

God het **nie** dubbele standaarde nie! Hierdie tallose **biljoene** individue verdien om 'n **werklike** kans te kry **–** om geoordeel te word volgens wat hulle doen **nadat** hulle God se Waarheid geleer het! Nogtans het talle teoloë en predikante (**self mislei**) probeer voorstel

dat God tog baie van ons onberouvolle vriende en families en menigtes uit die verlede sal red, **sonder** dat hulle ooit tot werklike **bekering** gekom het en hulself waarlik aan die lewende Christus **oorgegee** het. Hierdie teoloë kan nie *verder van die* **waarheid** afwees nie!

Mag God u egter help om die waarheid te verstaan oor die "ongeredde" **biljoene** Boeddhiste, Sjintoiste, Moslems en ander van hierdie en vorige eras, wat **nooit** 'n ware geleentheid gehad het om Jesus Christus aan te neem nie en van al die ander **biljoene** mense van die hede en die verlede, wat slegs van 'n *vals Christus* geweet het (2 Kor. 11:4), maar wat hulle nooit **werklik** *oorgegee* het, sodat die Christus van die Bybel hulle lewens kon **regeer** nie!

**Geen ander verduideliking** van hierdie *godsdienstige dilemma* maak sin nie! Die antwoord was nog altyd in *u eie Bybel*. Hier word **nie** gepraat van 'n "tweede kans" nie. Onthou, ons praat slegs van 'n **werklike** geleentheid om die Waarheid te leer en dit te gehoorsaam, wat 'n *getroue* en *regverdige* God op Sy tyd aan hierdie menigte mense sal onthul.

Met enkele uitsonderings, verstaan *slegs* diegene in God se Kerk hierdie wonderlike waarheid! Soos God se woord aan ons sê: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand" (Ps. 111:10). Mag God u help om te begin verstaan aangaande die groot **doel** wat God hier op die Aarde uitwerk. Dan sal u beter verstaan waarom belydende "Christene" dikwels lieg, kul, steel, owerspel pleeg en duisende mekaar uitmoor in verskeie oorloë tussen belydende Christen nasies in Europa en elders, asook waarom selfs die mees moderne kerkgangers bitter min kennis van die Bybel het, ten spyte van Jesus se opdrag: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke** *woord van God*" (Luk. 4:4).

Die reine *waarheid* is dat God die meeste mense nie nou "roep" tot werklike begrip en redding nie. Tensy hulle *willens en wetens* God verwerp (Heb. 10:26-27) – sal hulle 'n **werklike** geleentheid kry om te *verstaan*, om werklik **berou** te hê oor hulle sondes en om waarlik "bekeer" te word in die Groot Wit Troon Oordeel.

Indien u selfs nog meer inligting en Bybelse bewyse wil hê aangaande hierdie lewensbelangrike onderwerp, kontak ons asseblief en versoek u *gratis* eksemplaar van ons ten volle gedokumenteerde boekie, *Is hierdie die enigste dag van redding?* Indien u belang stel, versoek 'n meegaande boekie – *Hervestig die Christenskap van die Apostels* – wat u sal help om te verstaan hoe en waarom die belydende Christendom die spoor byster geraak het en waaroor *ware* Christenskap gaan.

Die Ewige God sê aan ons in Sy woord: "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes" (Jes. 55:8-9). God werk dikwels Sy weë uit op 'n manier waarop mense nie sou nie. Soos ons gesien het, maak die Bybel dit baie duidelik dat God nie *in hierdie tyd* alle mense desperaat probeer "red" nie. Na Christus se duisendjaar-regering op Aarde tydens die Millenium – sal 'n **wonderbaarlike gebeurtenis** plaasvind wanneer almal wat ooit geleef en gesterf het, sonder om God se *doel* en die volle *Waarheid* te verstaan, uit die dode opgewek word en 'n **werklike** geleentheid gegee word om hulle lewens aan God oor te gee en sodoende te kwalifiseer om *volle* kinders van God en lede van Sy ewige Koninkryk te word. Dit is voorwaar Goeie Nuus vir almal van ons wat geliefdes het wat geleef en gesterf het, sonder om ooit God en Sy *groot doel* te verstaan. WvM

---

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

# Bestaan daar 'n werklike duiwel?

## Deur Richard F. Ames

***Beïnvloed die wêreld van okkultisme ons jeug en ons hele samelewing toenemend? Is die duiwel werklik, en indien wel, hoe mislei hy die mensdom?***

Die jeugkultuur raak toenemend meer betrokke by die okkulte. Heksery word geromantiseer soos kinders saamkloek vir elke nuwe Harry Potter-boek en tieners hul televisie inskakel op "Buffy, the Vampire Slayer". Tienermusiek verheerlik dikwels die duiwel en gewapende hoërskoolleerlinge het selfs in sy naam moord gepleeg.

In sommige intellektuele kringe is dit nie meer in die mode om te glo dat die duiwel bestaan nie, terselfdertyd vind baie andersins intelligente mense dit avontuurlustig en opwindend om te probeer om die duistere wêreld te kontak. Wat sê die Bybel oor hierdie baie belangrike onderwerp? Indien daar 'n wêreld van demone en 'n werklike duiwel bestaan, moet u weet hoe om sodanige invloed te weerstaan en te oorwin.

U Bybel verduidelik waarom daar so baie probleme en boosheid in die wêreld is. Ons lees in Openbaring: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Hier beskryf u Bybel 'n kragtige geesteswese, genoem die duiwel en Satan, as 'n "groot draak" en "die ou slang" en ons kom die ongelooflike waarheid te wete wat so min mense vandag glo – *dat hy die hele wêreld verlei het*.

Hoe het hy dit gedoen? Christene moet sy strategieë en taktiek leer ken. Maar eers moet ons verstaan hoe hy ontstaan het. Het God die duiwel geskep?

Twee hoofstukke in die Bybel, Jesaja 14 en Esegiël 28, beskryf Satan se ontstaan. Jesaja profeteer van 'n eindtydse koning van Babilon wat 'n herrese Romeinse Ryk sal regeer (beskryf in Openbaring 13, 17 en 18), maar die *sinnebeeld*, die menslike koning wat genoem word, gaan oor in 'n *teenbeeld*, Satan die duiwel, wat ook Lucifer genoem word. "Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" (Jesaja 14:12-14).

Lucifer is neergevel na die aarde. Hy het toegelaat dat ydelheid en gierigheid rebellie teen God aanwakker. Hy wou God van Sy troon ontneem, maar hy het misluk en het steeds sy troon op die aarde. Die naam Lucifer is 'n Latynse woord, vertaal as "môrester". Jesus sê: "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val" (Lukas 10:18). Lucifer, die ligbringer, het die bringer van donkerte geword.

Die apostel Paulus verduidelik dat baie mense verblind is vir die ware evangelie en die waarheid van die Bybel. "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korintiërs 4:3-4). Let daarop dat Lucifer nadat hy neergevel is en Satan geword het, "die god van hierdie wêreld" geword het.

God het nie die duiwel geskape nie, maar hy het al die

engele geskape. Hy het drie gerubs of aartsengele geskep, naamlik Lucifer, Migael en Gabriël (die gerub Migael word in Judas 9 'n aartsengel genoem), en elk van hulle het blykbaar een derde van die engele gelei. Ons lees dat die draak, Satan, na die aarde neergewerp is met een derde van die engele. “En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi” (Openbaring 12:3-4). Soos in ander artikels al beskryf is, is sterre 'n simbool vir engele (vergelyk Openbaring 1:20). Een derde van die engele het Satan gevolg en demone geword.

**Esegiël 28 – Sinnebeeld en teenbeeld**

Die profeet Esegiël beskryf Lucifer se oorspronklike verantwoordelikhede en gevolglike ondergang. Net soos in Jesaja 14, sien ons weereens die sinnebeeld en die teenbeeld. Die Koning van Tirus is die sinnebeeld en die gerub wat Satan geword het, is die teenbeeld. “Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gerub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en EK het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gerub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien” (Esegiël 28:12-17).

Lucifer was 'n geskape wese met verantwoordelikhede oor die aarde lank voor mensewesens geskep is. Hy het die vrye keuse gehad om te gehoorsaam al dan nie, net soos wat mense die mag het om reg of verkeerd te kies, maar Lucifer het gerebelleer – hy het geweier om die wil en regering van God uit te voer. Soos Esegiël skryf: “Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is”.

So sien ons dus dat God Satan, die duiwel, nie geskep het nie. Hy het die gerub of aartsengel, Lucifer, geskep wat God se regering verwerp het en sy karakter as 'n bose, sondige wese afgesluit het en in rebellie *homself* in Satan die duiwel *verander het*.

Adam is die geleentheid gebied om Satan as heerser van hierdie wêreld te vervang, maar Adam en Eva het oorgegee aan die versoeking en het gesondig. Let daarop dat Satan *eerste* gesondig en geval het. Adam en Eva en elke mens behalwe Jesus Christus – Immanuël, God in die vlees – het gesondig. Die Bybel vertel ons: “Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (Romeine 3:23).

'n Tweede Adam, Jesus Christus, moes die duiwel weerstaan en hom oorwin. Die Bybel vertel ons nadat Jesus 40 dae lank gevas het, hy fisies verswak was, maar steeds met die duiwel 'n stryd kon voer met behulp van skrifture. Jesus weier om Satan te gehoorsaam en gee hom uiteindelik 'n opdrag: “Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien” (Mattheus 4:10).

Jesus het bewys dat Hy nie sou ingee teen die duiwel nie. Jesus is in alle opsigte soos ons versoek, maar sonder sonde (vergelyk Hebreërs 4:15). Hy het bewys dat Hy die karakter en regverdigheid het om die aarde te regeer. Wanneer Jesus as Koning van konings terugkeer, sal Hy Satan as vors van hierdie aarde vervang en hom vir 1,000 jaar verban. Maar tot dan sal

Satan voortgaan om die hele wêreld te mislei. Mislei hy u dalk?

**'n Engel van die lig?**

Een van Satan se grootste misleidings, is die vals mening dat hy nie bestaan nie. Tog neem baie mense deel in okkulte godsdienste wat Satan, sy demone of 'n verskynsel van boosheid openlik aanbid. Sommige hekse en towenaars beoefen dodelike rituele, selfs menslike offerandes. Maar God het Israel van ouds gewaarsku om al hierdie vorme van heidensheid en Satanisme te verwerp. "As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie" (Deuteronomium 18:9-14).

God waarsku ons om okkultiese praktyke en heidensheid te verwerp. Tog word hierdie praktyke toenemend meer algemeen, selfs aanvaarbaar, in die samelewing. 'n Geskatte 50 000 mense in Amerika alleen, beoefen "Wikka", 'n vorm van veelgode natuuraanbidding wat so goed gevestig is dat die Amerikaanse Weermag se kapelaanskantoor nou pastorale dienste aan millitêre Wikkane bied ("*Witchcraft Gets Army's Blessing*", *Chicago Tribune*, 18 Junie 1999). 'n Bemarkingsbestuurder van bekende boekverkoper *Barnes and Nobel* het onlangs geskat dat hulle 'n Amerikaanse "heidense" koperstal van 10 miljoen het. Sommige moordenaars wat nog in die hoërskool is, word selfs deur die okkulte godsdiens beïnvloed. Ja, een van Satan se grootste misleidings is deur godsdiens self! Die apostel Paulus onthul hierdie taktiek en wys uit dat Satan hom nie altyd soos 'n slang of draak voordoen nie, maar hom as 'n engel van die lig sal vermom! "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Korintiërs 11:13-15).

Satan, die vors van donker, kan hom as 'n engel van die lig voordoen, nie net as die stereotipiese donker mag van okkulte aanbidding nie. Die apostel Paulus waarsku dat Satan sy eie leraars het wat as dienaars van geregtigheid voorkom. Dit is waarom ons u uitdaag om ons nie net te glo omdat ons die een of ander waarheid aanvoer nie. Ons pleit by u om na u Bybel te gaan vir die waarheid. Onthou u die Bereane van Handelinge 17:11? Lukas skryf dat hulle "elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was". Ons almal het nodig om dit doen!

Sommige geestelikes mag opreg wees, maar opreg mislei. Sommige predikante preek dat u nie nodig het om die Tien Gebooie te onderhou nie; hulle stel gehoorsaamheid aan God se wet verkeerdelik gelyk aan verlossing deur werke! Maar indien enige predikant vir u sê dat u God nie hoef te gehoorsaam nie, vra hom of hy rebellie teen God goedpraat. Die apostel Petrus skryf: "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?" (1 Petrus 4:17).

Die apostel Paulus waarsku ook diegene wat God se waarheid verontagsaam. "Maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is – grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek" (Romeine 2:8-9). Die

Bybel onderrig duidelik *gehoorsaamheid* aan die waarheid, die evangelie, die Tien Gebooie en aan God se geregtigheid. Valse godsdiens is een van Satan se misleidings. Hy doen hom voor as 'n engel van die lig, maar lei miljoene mense weg van die *ware* lig van die Bybel.

**Satan konsentreer op ons swakhede**

Die duiwel wil ook munt slaan uit ons menslike natuur wat reeds vol ydelheid, selfsug, gierigheid, jaloesie, nyd en wellus is! Daar is 'n bose invloed wat, soos die apostel Paulus dit stel "nou in die kinders van ongehoorsaamheid werk". Paulus skryf van ons verlossing, deur Christus, van ons vorige deelname in die wellus van die menslike natuur "En julle *het Hy lewend gemaak* wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander" (Efesiërs 2:1-3).

Ons moet in ons eie natuur ons menslike swakheid en neiging tot sonde herken. Dit is waarom ons 'n lewende Verlosser nodig het, om ons te bevry van ons vorige sondes en om ons die krag te gee om die invloed van die wêreld, Satan en ons eie menslike natuur te oorwin!

Sommige Christene stry teen hul onbeheerste woede. Sommige mense wat te na gekom is laat hul gevoelens in bitterheid, kwaadwilligheid, woede, vyandigheid en haat omskakel. Ons moet kwaad word vir boosheid en Satan se doen en late, maar ons moet nooit 'n ander mens haat nie. Ons moet hul goddelose optrede en gesindheid verafsku, maar selfs ons vyande liefhê, soos Jesus in Mattheus 5:44 leer.

Wees gewaarsku. Satan kan u beheer, indien u nie u woede beheer nie. "Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie" (Efesiërs 4:26-27). Onbeheerste woede kan lei tot sataniese bitterheid en enigiemand wat hom deur woede laat verteer kan in die poel van vuur eindig. Moenie toelaat dat Satan u onderkry nie. Leer om in vrede met andere te leef. Ons lees: "Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie" (Hebreërs 12:14-15).

Selfs baie Christene staar probleme en spanning in die gesig as gevolg van seerkry en misbruik in die verlede. Hulle laat toe dat 'n wortel van bitterheid by hulle posvat. Hulle wil aan die pyn van die verlede vasklou en selfs die een of ander verbeelde wraak koester. Maar wat sê God? "Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" (Romeine 12:19). God sal uiteindelik alle onbekeerde sondaars regverdig oordeel en straf oplê. Maar Christene moet leer om te vergewe! Jesus onderrig ons in die modelgebed om God te vra om ons "sondes te vergewe, soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Mattheus 6:12). Bid u op hierdie wyse? Bid vir u vyande. Leer om uself los te maak van die verlede en te vergewe. U sal Satan in die wiele ry en u sal nie toegee tot sy gesindheid van kwaadwilligheid en wraak nie!

**Satan se noodlot – en Christene se oorwinning!**

Ons het 'n paar van die duiwel se strategieë gesien en ook hoe om sy misleidings te vermy. Besef dat Satan se noodlot reeds vasgestel is. Met die laaste oordeel sal al die goddeloses in die poel van vuur verteer word. Satan en sy demone sal ook in die poel van vuur gewerp word. "Dan sal Hy ook vir dié aan Sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" (Mattheus 25:41).

Ons sien uit na die dag wanneer alle boosheid van hierdie aarde verban sal wees. Ons bid: "Laat U koninkryk kom!" Tot dan sal Satan en sy demone voortgaan om, wie hulle ook al

kan, aan te val en te mislei. Wat kan u doen om hierdie bose mag te oorwin? Christene moet die invloed van die wêreld, die mag van Satan en sy demone, asook hul eie menslike natuur oorwin.

Eerstens moet ons 'n innige verhouding met God en Christus hê. God sal ons teen alle boosheid beskerm. Die modelgebed in Mattheus 6 onderrig ons om te bid: "En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen." God sal u van die bose een beskerm en red, mits u hom vra – mits u die Koninkryk van God kies en die koninkryk van Satan verwerp. Soos Hy die apostel Jakobus geïnspireer het om te skryf: "Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader" (Jakobus 4:6-8).

Hierdie is twee sleutelpunte om te onthou in ons stryd teen Satan. God het hierdie beloftes gemaak. U hoef nie toe te gee aan neerdrukkende invloede en gevoelens nie. Moenie swig voor die versoekings wat Satan na u kant toe gooi nie! Weerstaan! En beweeg nader aan God. Gaan op u knieë en bid tot u Vader in die hemel. Bestudeer die Bybel, God se Woord en volg die instruksies wat daarin vervat word. Toe Jesus Satan se versoekings trotseer het, het Hy die duiwel beveg deur die Bybel aan te haal. Jesus het hierdie teksverse as wapens gebruik. U het hulle ook nodig!

Die apostel Paulus vertel ons om geestelik gewapen te wees. "Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly" (Efesiërs 6:10-13).

U het die volle wapenrusting van God nodig. Indien u met hierdie wapenrusting toegerus is, kan u die stryd wen. Satan stry vir u verstand, u karakter en u gees, maar met God aan u kant, kan u hom oorwin. Ken u vyand. Ken sy strategieë. Soos die apostel Paulus skryf, "ons is met sy planne nie onbekend nie" (2 Korintiërs 2:11).

Kan u die duiwel werklik oorwin? Ja, u kan, indien u die swaard van die Gees – die Woord van God – gebruik en volgens daardie woord leef. Toe Jesus Satan weerstaan het, sê Hy: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4).

Die krag van God se Woord in u kan Satan oorwin. Die apostel Johannes skryf: "Ek het aan julle geskrywe, jong manne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het" (1 Johannes 2:14).

God sal aan u die oorwinning deur Jesus Christus gee – u *kan* boosheid oorkom. En die Skeppergod sal Satan en sy demone vir ewig verban. Hulle sal deur Jesus Christus en Sy getroue dienaars vervang word in die komende Koninkryk van God.

U kan gemoedsrus hê. Handel volgens die opdragte in u Bybel, en met die hulp van u Verlosser, kan ook ú Satan oorwin. WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**

**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Waarom is u gebore?

**Deur Douglas S. Winnail**

***Is daar 'n doel met die menslike lewe?***

Die mees diepsinnige vraag wat u seker ooit kan stel aangaande die doel vir die bestaan van die mens is: Waarom is die mens hier op aarde? Vir duisende jare bespiegel filosowe daaroor en bied die verskillende gelowe verskeie en teenstellende antwoorde. Wees *verseker* dat afgesien van die antwoord wat u aanvaar, dit ingrypende gevolge inhou vir elke aspek van u lewe. Dit sal u mees fundamentele oortuigings en waardes bepaal. Dit sal 'n invloed uitoefen op die keuses wat u maak, die doelwitte wat u stel, hoe u u tyd en talente aanwend en op u omgang met mense – kortom, hoe u uself uitleef.

Vir sommige mense is die vraag oor die doel van die lewe 'n knaende en ingewikkelde dilemma – die probleme, traumas, booshede, onregverdighede en frustrasies van die lewe maak vir hulle geen sin nie en mag lei tot wanhoop en selfs selfmoord. Andere neem eenvoudig die bestaande geloofsoortuigings en lewensbeskouing van hulle ouderdomsgroep aan. Verbasend genoeg het die meeste mense, selfs die meeste filosowe, wetenskaplikes en teoloë geen ware begrip van die werklike doel van die lewe nie. Baie mense is so besig – vol roetine en nietighede – dat hulle selde tyd inruim om te besin oor die belangrikste vrae wat mens jou ooit self kan afvra, naamlik: Waarom bestaan ons? Wat is die ware doel van die menslike lewe?

**Veelvuldige leë keuses**

Enigeen wat hom dit ten doel stel om die ware doel van die lewe te ontdek, moet met 'n ongelooflike warboel van teenstellende idees worstel. Daar word vandag algemeen aanvaar dat die hoofdoel van die lewe eenvoudig net die *vryheid is om enigiets na te jaag wat 'n mens gelukkig kan maak.* Miljoene mense het die verleiding van persoonlike plesier gevolg om te eksperimenteer met dwelms, alle soorte ongeoorloofde seksuele aktiwiteite, gerieflike verbintenisse en egskeidings, buite-egtelike verhoudings, reise, partytjies en die verkryging van materiële dinge – slegs om te vind dat fisiese dinge en ervarings daarin *faal* om enige blywende satisfaksie te bied of om werklik betekenis aan die lewe te gee. Sommige van die rykste en bekendste mense in die wêreld het die leegste, eensaamste en mees frustrerende lewens gelei omdat hulle van goeie advies vergeet het – of nooit goeie advies gekry het wat vir hulle geluk kon bring nie.

Duisende jare gelede het een van die mees wyse manne wat ooit geleef het, wyse raad gegee aan elkeen wat wou luister. Salomo, 'n koning van Antieke Israel, weergee in die boek Prediker die resultate van sy soeke na die doel van die lewe en die ware bron van geluk.

Hy het alles probeer doen – die spreekwoordelike "wyn, vroue en partytjies" beproef deur vir hom 700 vroue en 300 byvroue te neem (1 Kon. 11: 1-11)! Hy het paleise gebou, groot rykdom vergader, terwyl sy beroemdheid tot in naburige koninkryke gestrek het. Tog het hy egter besef dat ons almal uiteindelik sterf en niks met ons saamneem nie. Dit het hom depressief gemaak en hom selfmoord laat oorweeg. Hy sê dat "alles tevergeefs is en 'n gejaag na wind ... daarom het ek my begewe om my hart aan wanhoop oor te gee" (Pred. 2:11, 17-20). Salomo het geleer dat om fisiese ervarings na te jaag en om besittings te vergader, nie werklike vervulling gee nie – dat daar 'n *groter doel* is vir die menslike bestaan. Hierdie belangrike les is egter grootliks verontagsaam! Baie mense glo steeds vandag dat die wenner "die een is wat met die meeste speelgoed sterf".

Oor die eeue heen het gelowe en filosowe 'n ongelooflike verskeidenheid van idees gebied oor die uiteindelike doel van die lewe. "Belydende Christene" het algemeen aanvaar dat "goeie" of "geredde" mense hemel toe gaan, terwyl die Bybel dit duidelik stel: "En

niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het" (Joh. 3:13; sien ook Hand. 2:29-34; 13:36). Baie mense glo dat ons in die hemel op wolke sal sit en harpe bespeel, goue strate sal bewandel of net sal rondstaan en vir ewig die "saligmakende geesverskyning" van God sal aanskou. Inheemse Amerikaners het die betreding van "gelukkige jagvelde" in die hemel afgewag. Boeddhiste streef na *Nirvana* – waarin die siel opgeneem word in die goddelike en een word met die Heelal, wat dan die siel se bestaan as 'n individuele entiteit beëindig. Hindoes glo dat die menselewe 'n reeks reïnkarnasies is. Vir Moslems word vertel dat, sou hulle as martelaars sterf, sal hulle in 'n paradys wakker word, omring van dosyne jong maagde. Die Wikings het geglo dat die siel van helde wat tydens oorlogvoering sterf, in Valhalla – 'n plek van ewige lewe – sou woon waar hulle verder kon baklei en feesvier.

Aangesien die meeste idees aangaande die doel van die lewe *onbewysbaar* is deur wetenskaplike metodes, bejeën baie mense dit vandag met skeptisisme. Sommige sekulêre en ewolusie-georiënteerde wetenskaplikes verval in die teenoorgestelde uiterste wat sê dat daar geen kenbare doel is vir die menslike lewe nie en dat die menslike liggaam niks meer is nie as 'n sak vol DNS wat uitsluitlik bedoel is vir die voortbestaan van die spesie. Vir dekades propageer akademiese handboeke dat teleologie (leer van die doelmatigheid in die Skepping) buite die vakgebied van die wetenskap val en dat die wetenskap niks oor die saak te sê het nie. Dit het egter nie verhoed dat uitgesproke lede van die wetenskaplike samelewing grootse uitsprake maak nie. Vandag neem baie mense aan dat indien die wetenskap nie antwoorde kan verskaf oor die doel van die lewe nie, niks as sekerheid oor die onderwerp aanvaar kan word nie. Dit, soos ons sal sien, is 'n vals aanname wat bydra tot wydverspreide onkunde oor die doel van die lewe. Maar waarom is daar soveel verskillende en uiteenlopende idees oor die betekenis van die menslike bestaan? Waarom *faal* so baie om die betekenis te snap oor die ware doel van die lewe?

**Onkunde voorspel**

Die Bybel, 'n boek waaraan ons moderne wêreld huiwerig is om te glo, onthul waarom so baie mense geen idee het oor die ware doel van die lewe nie. Die apostel Johannes skryf onder inspirasie oor 'n magtige geesteswese "wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei [mislei]" (Op. 12:9). Wanneer ons vanuit 'n globale perspektief kyk na die uiteenlopende idees oor die doel van die lewe, is hierdie fundamentele Bybelse sleutel al wat sin maak. Soos ons die ware doel van die lewe ontdek wat God in die Bybel onthul, word dit selfs nog duideliker hoe deeglik hierdie wêreld mislei is.

Die Bybel gee nie net die *oorsaak* van ons misleiding nie, maar dit word ook in 'n reeks profesieë *voorspel*! Satan se kwaadwillige aktiwiteite het kort na die skepping van Adam en Eva begin. Die duiwel het ons eerste ouers daartoe *mislei* om God se opdrag te ignoreer en vir hulself die bron van ware kennis te soek (sien Gen. 3:13, 22-24). As gevolg van hulle ongehoorsaamheid is hulle van die Bron afgesny wat die ware doel van die lewe onthul. Later het Jerobeam, die dwase koning van Israel, sy eie godsdiens ingestel en God se Heilige Dae verwerp (wat God se plan vir die mensdom voorstel – vir meer inligting, bestel gerus ons gratis boekie: Die Heilige Dae – God se Meesterplan). Hierdeur het Jerobeam sy mense ontneem van die enigste Bron van kennis oor die doel van die lewe.

Toe Jesus Christus na hierdie aarde gekom het, het Hy herhaaldelik gewaarsku dat valse leraars sou verskyn wat daarop sou aanspraak maak dat hulle Christene is en baie mense sou *mislei* (sien Matt. 7:15-20; 24:5, 11, 24). Die apostel Paulus het soortgelyke voorspellings gemaak en gewaarsku dat valse leraars na vore sou kom, selfs vanuit kerkgeledere, om mense te mislei en dat *baie* hulle fabels en misleidende leringe sou glo (sien Hand. 20:28-31; 1 Tim. 4:1-3; 2 Tim. 4:1-5).

Jesus het vir Sy gekose dissipels gesê dat Hy vir hulle 'n *spesiale begrip* gee van die "verborgenhede van die koninkryk van die hemele" wat "nie gegee" is aan die res van die mensdom nie (Matt. 13:11). Christus sê vir Sy dissipels: "baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien,

en het dit nie gesien nie" (vers 17). Die ware doel van die menslike lewe, soos ons sal sien, het te doen met hierdie eerskomende koninkryk wat 'n *misterie* vir die meeste mense is.

Paulus se geskrifte herhaal Jesus se woorde. Paulus sê: "Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid, wat niemand van die heersers [leiers en onderwysers] van hierdie wêreld geken het nie ... maar God het dit [hierdie dinge] aan ons deur sy Gees geopenbaar" (1 Kor. 2:7-10). Paulus haal die profeet Jesaja aan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet" (1 Kor. 2:9). Die Bybel onthul duidelik dat selfs die mees wyse sterflinge nie in staat was om op hulle eie die ware doel van die lewe te ontdek nie. Daardie uiteindelike doel moet deur God self *onthul* word!

Paulus het die danige kundige Romeine berispe en aan hulle uitgewys dat God die waarheid aan mense beskikbaar gemaak het, maar "omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; [het hulle] dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword ... wat die waarheid van God verruil het vir die leuen" (Rom. 1:21-25). Dit is waarom so min bekend is oor die ware doel van die lewe. Wat God in Sy Woord onthul, is deur die mens geïgnoreer of misverstaan. As gevolg hiervan is die meeste mense op aarde *mislei* met fabels oor die doel van die mens se bestaan – of om te glo dat dit onmoontlik is om te weet waarom ons bestaan. *Werklike* antwoorde *bestaan* egter en *kan* gevind word!

**'n Geheimenis onthul**

Die Bybel maak dit duidelik *waarom* u gebore is! Hierdie basiese tema strek van die begin tot die einde – van Genesis tot Openbaring. Die Bybel maak ook duidelik dat die mens geskape is (manlik en vroulik) na die *beeld* van God en gebied is om vrugbaar te wees, te vermeerder, die aarde te vul, dit te onderwerp en daaroor te heers (Gen. 1:26-31). Ons leer uit die Bybel dat ons *nie* blote diere is nie – ons voorsate was *nie* aapagtige oermense nie. Inteendeel, God self is die gemeenskaplike "voorvader" van alle mense. God het mans en vroue geskape met 'n doel: om te trou, gesinne te verwek om te leer om saam te werk en om oor ons gesinne en die aarde te regeer as heersers oor God se skepping (Gen. 2:15-25). Dit is 'n *baie groot* verantwoordelikheid wat baie te doen het met ons uiteindelike doel.

Job, wat volgens ou tradisie 'n koning in Edom was, (sien *Halley's Bible Handbook*) het geweet dat daar 'n grootse doel is met die menslike lewe. Hy het 'n weldeurdagte vraag gestel en beantwoord: "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom; U sou roep, en ek sou U antwoord, *na die maaksel van u hande sou U verlang*" (Job. 14:10-15). Job het geweet dat hy in die graf sou slaap totdat God hom weer opwek vir sy uiteindelike doel. Die profeet Daniël onthul dat aan die einde van hierdie dae "sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie ... dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste" (Dan. 2:44-45; 7:27).

Jesus beklemtoon hierdie selfde tema in die Nuwe Testament. Hy doen 'n beroep op Sy dissipels om "eers die koninkryk van God en sy geregtigheid" te soek in plaas van om uitsluitlik op fisiese dinge te fokus (Matt. 6:33). Hy sê vir Sy gekose apostels dat hulle bestem is om "op twaalf trone [te] sit en die twaalf stamme van Israel [te] oordeel" (Matt. 19:28). Paulus onthul dat, wanneer ons Christene word en Jesus se onderwysing volg, ons "*kinders* van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en *mede-erfgename* van Christus" (Rom. 8:16-17). Paulus sê dat kinders grootgemaak word om soos hulle ouers te wees, dus sal Christene uiteindelik deel in wat Jesus Christus sal beërwe. Paulus onthul dat die fisiese Jesus onsterflikheid beërwe het met Sy opstanding uit die dood (1 Tim. 6:15-16) en "die eersteling geword [het] van die wat ontslaap" (1 Kor. 15:20-25). Diegene wat God se

onderwysing volg, sal die ewige lewe beërwe met die Wederkoms om Sy koninkryk op aarde te vestig (1 Kor. 15:50-54). Dit is deel van die "misterie" van die lewensdoel wat die wêreld nie ten volle verstaan nie (vers 51).

In sy brief aan die Hebreërs verduidelik Paulus meer omtrent die doel van die menslike lewe. Hy skryf dat God "die *toekomstige wêreld* ... nie onderwerp [het aan die engele] nie" maar dat Hy die mensdom geskape en die mens "'n weinig minder as die engele gemaak" en "hom oor die werke van u hande aangestel" het. "Alle dinge het U onder sy voete gestel" (Heb. 2:5-8). Die mens se uiteindelike doel sal in die toekoms vervul word (vers 9). Johannes vat dit alles saam in die boek Openbaring wanneer hy sê dat God "ons konings en priesters vir onse God [gaan] maak, en *ons sal as konings op die aarde heers*" (Op. 5:10; sien ook 1: 5-6). Hy toon dat diegene wat geroep is om heiliges te word (Christene) "priesters van God en van Christus [sal] wees en ... saam met Hom as konings [sal] regeer duisend jaar lank" (Op. 20:4-6). Dit is die toekoms waarna Daniël se profesieë verwys!

God onthul in die Bybel dat Hy die mens na Sy beeld geskape het om deel van Sy Goddelike familie te word en uiteindelik op hierdie aarde saam met Jesus Christus te regeer. Dit is die uiteindelike en ongelooflike doel vir die menslike lewe. Wanneer ons die bespiegelinge van filosowe en die groot verskeidenheid mensgemaakte godsdienste oorweeg, verbleek dit in onbeduidendheid wanneer dit vergelyk word met die waarheid. Slegs wanneer ons die ware doel van die menslike lewe verstaan, word die omvang van Satan se groot misleiding duidelik. Die wêreld is mislei oor die ware doel van die lewe.

**Die weg**

Hoe kan ons hierdie ongelooflike hiernamaals bekom? Wat moet ons doen om te kwalifiseer vir die Koninkryk van God? Baie belydende Christene glo dat ons niks moet doen nie – net aanvaar dat Jesus vir ons gesterf het, glo dat Hy die Seun van God is en die ewige lewe dan onmiddellik aan ons gegee sal word! Die Bybel onthul egter iets heeltemal anders. Die Skrif sê dat God slegs 'n *paar mense* in hierdie tyd *roep* om die uiteindelike doel van die lewe te verstaan (Joh. 6:44, 65, 66; Matt.13:10-17). Die res van die mensdom sal in die toekoms hierdie geleentheid gegun word gedurende die duisendjarige regering van Christus en die heiliges op hierdie aarde en gedurende die oordeelstydperk aan die einde van die Millennium (Op. 20:5, 11, 15). Diegene wat in hierdie tydperk geroep word, moet hulle *bekeer* (Hand. 2:38) en begin om die onderwysing van Jesus Christus te volg en om te leef volgens elke woord van God (Matt. 4:4). Dit sluit in om te leef volgens die Tien Gebooie – letterlik sowel as in die geestelike bedoeling (Matt. 19:16-22). Salomo het tot dieselfde gevolgtrekking gekom (Pred. 12:13). Abraham is om dieselfde rede beloon (Gen. 26:5). Die Skrif dui baie duidelik aan dat God se metodiek en doel nie verander nie (Mal. 3:6).

Wanneer 'n persoon hom bekeer, laat doop en begin om God se gebooie te gehoorsaam, dan gee Hy aan daardie persoon die Heilige Gees – 'n geestelike krag wat geestelike groei en begrip en karakter moontlik maak (Hand. 5:32; 1 Kor. 2:10-16). God doen nie outomaties alles vir ons nie – ons het ook 'n rol om te speel in die proses (2 Tim. 1:6-7; 2 Pet. 3:18). Diegene wat nou geroep word om God se Plan en doel te begryp, wat leer om God se wette toe te pas, sal leraars word in die Koninkryk van God (Jes. 30:20-21). As burgerlike en godsdienstige leiers (konings en priesters), sal hulle saam met Jesus Christus regeer en sal hulle "die wederoprigting van alle dinge" teweeg bring (Hand. 3:19-21). Dit sal gebeur wanneer God se wette vanaf Jerusalem uitgaan deur 'n wêreldregering wat met Christus se Wederkoms ingestel sal word (Jes. 2:2-4; 9:6-7; Op. 11:15-19). Dit is *waarom* ons geskape is – om te kwalifiseer om 'n lid van die Godfamilie te word en deel te hê in hierdie eerskomende Koninkryk van God wat vir ewig die loop van die menslike geskiedenis sal verander. Dit is die *werklike* doel vir die menslike bestaan wat duidelik in die Bybel uitgespel word. Dit is die evangelie. Dit is *waarom* u gebore is. En dit is wat verskans is deur die filosofiese spekulasies en godsdienstige fabels wat Satan gebruik om die wêreld te mislei. WvM

# Wat gebeur wanneer u sterf?

Deur Richard F. Ames

***Daar is baie vreemde beskouings aangaande die lewe na die dood! In die naam van Christelikheid word baie teenstrydige idees onderrig. Wat gebeur werklik wanneer u sterf?***

Almal van ons is persoonlik besorg oor lewe en dood. Party van ons is baie bekommerd oor ons toekoms na die dood. Sal ons in helvuur beland sodra ons ons laaste asem uitblaas? Miskien verwag ons dat ons hemel toe sal gaan om saam met die Here te wees.

Die wetenskap het sy eie antwoorde op dié vraag. Tog erken wetenskaplikes dat hulle nie die geestelike ryk kan meet of toets nie. Danksy die kriogeniese wetenskap het sommige individue groot somme geld betaal om hul liggame met hul dood te laat blitsvries, met die hoop dat die wetenskap eendag 'n manier sal vind om hulle te laat herleef tot 'n lang lewe.

Die wetenskap kan egter nie – en sal ook nooit – aan enigiemand die ewige lewe kan gee nie! Nogtans het baie mense 'n "blinde geloof" in die wetenskap, selfs wanneer dit eenvoudige redenasies weerspreek. Die wetenskaplike en Nobel Prys-wenner, George Wald, maak in die ***Scientific American*** tydskrif 'n verstommende erkenning in 'n 1954 artikel, "*The origin of life*": "Die redelike sienswyse was om in spontane opwekking te glo; die enigste alternatief, om te glo in 'n enkele, primêre daad van bonatuurlike skepping. Daar is geen derde standpunt nie. 'n Mens moet net die groot omvang van hierdie taak oorweeg om toe te gee dat spontane opwekking van 'n lewende organisme onmoontlik is. Tog glo ek dat ons hier is as gevolg van spontane opwekking".

Ongelooflik! Hy erken dat spontane opwekking "onmoontlik" is en dring tog daarop aan dat dit waar moet wees. Die waarheid is dat die wetenskap en die Bybel, wanneer dit behoorlik verstaan word, in perfekte harmonie is. Die Bybel onthul egter ook 'n almagtige God wat alle dinge geskape het. Dit onthul diep geestelike en ewige waarhede wat die wetenskap erken hulle nie kan ontdek nie.

**Hoop vir onsterflikheid?**

Of die dood nou vriende of familielede tref, ervaar ons die pyn van verlies. Dan wonder ons: "Sal ons hulle ooit weer sien?" Wanneer ons die onvermydelike einde van die lewe bedink, vra ons: "Is daar enige hoop vir die toekoms?" Genadiglik is die antwoord: "Ja!" Die Almagtige God – die Skepper van die lewe self – openbaar ons ware hoop in die Bybel!

Hier is wat die apostel Paulus skryf: "Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie" (1 Thessalonicense 4:13-15).

Let daarop dat Paulus die dooies "ontslapenes" noem.

Hy beskryf nie dooie Christene as aktief of lewendig in die hemel nie. Hulle is eerder "ontslape", of dood, tot en met Christus se Wederkoms. "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde" (verse 16-18).

Toe die Sanhedrin Paulus per geleentheid ondervra het, was die opstanding die belangrikste aangeleentheid in sy reaksie: "En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg" (Handelinge 23:6).

Paulus het uitgesien na die opstanding van die dode met Christus se Wederkoms. Hy sien uit: "sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik" (Filippense 3:10-11).

In Hebreërs 11, wat dikwels die "geloofshoofstuk" genoem word, lees ons van talle helde en heldinne van die geloof. Het hulle met hul afsterwe hemel toe gegaan? Wat sê die Skrif? "In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry [van die ewige lewe en om die aarde te beërwe], maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was" (Hebreërs 11:13). Later lees ons: "En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, ***sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie***" (verse 39-40).

Getroue Christene wat gesterf het, wag in die graf op Christus se Wederkoms! "Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling" (Johannes 5:28-29).

Hierdie "opstanding tot oordeel" vind plaas ná die duisendjarige regering van Jesus Christus en die heiliges (Openbaring 20:5-6). Dan volg die Laaste Oordeel – die tyd ná die Millennium wanneer geestelik verblinde mense wat nie voorheen die Waarheid geken het nie, sal opstaan en hul eerste werklike geleentheid kry om werklik Jesus se opoffering te aanvaar. Diegene wat dit verwerp, sal in die poel van vuur gewerp word om te sterf – vir ewig.

**Onsterflikheid: 'n Gawe van God**

Ons sou dood bly indien God ons nie opwek nie. As mense besit ons nie ***reeds*** onsterflikheid nie. Onsterflikheid is 'n gawe van God! "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Indien ons reeds onsterflik was, sou ons dit nie nodig gehad het as 'n gawe van God nie. Ons ontvang die gawe van onsterflikheid wanneer ons met die opstanding 'n dramatiese gedaanteverwisseling ondergaan.

Paulus skryf: "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste

basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning" (1 Korintiërs 15:51-54).

Ja, tensy ons met onsterflikheid "beklee word" deur die gawe van God met die opstanding, kan 'n siel sterf! Die profeet Eségiël maak dit duidelik wanneer hy skryf: "Die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eségiël 18:4, 20). Die Hebreeuse woord vir "siel" is ***nephesh,*** wat verwys na ***fisiese*** lewe; dit is dieselfde woord wat in Genesis 1:21 gebruik word om ***dierelewe*** te beskryf.

"Maar dit is in die Ou Testament," mag u dink. "Wat sê die Nuwe Testament omtrent die siel?" Jesus onderrig dieselfde. "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die ***siel*** [Grieks *psuche*, "lewe"] sowel as die liggaam kan verderwe in die hel [*gehenna* vuur]" (Mattheus 10:28). Glo u u Bybel? Glo u wat Jesus gesê het? God kan beide siel en liggaam in die "hel" – *gehenna* vuur – ***vernietig.***

Die Bybel leer duidelik dat siele sterflik is ***– nie*** onsterflik *nie*. God het egter 'n wonderlike plan van verlossing vir die ganse mensdom – ***u*** inkluis! Hy wil hê dat u vir alle ewigheid deel van Sy gesin word. God is liefde en Hy het aan u die genadegawe van Sy Seun Jesus Christus gegee om vir u sonde te betaal. Sonde bring die doodstraf oor almal van ons. "Want die loon van die sonde is ***die dood***, maar die ***genadegawe*** van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).

Ons sonde het vir ons die doodstraf verdien, maar God het Sy Seun gestuur om daardie straf te betaal, sodat ons met God versoen en deur Hom teruggekoop kan word. Deur Sy gawe kan ons 'n nuwe lewensweg bewandel en 'n nuwe verhouding met ons Skepper hê! Elkeen van ons is na die ewebeeld van God geskape om 'n ewige en liefdevolle verhouding met Hom te hê. Dit is egter God wat ***eerste*** Sy liefde aan ons betoon het! U is moontlik vertroud met die bekende "goue vers" van die Bybel: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Johannes 3:16).

God het ons na Sy ewebeeld geskape – na Sy gelykenis. Hy wil 'n verhouding met ons hê, maar ons het onsself van Hom geskei. "Julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God" (Jesaja 59:2). Christene is egter met God versoen deur die dood van Sy Seun; deur Christus se gestorte bloed. As Christene is ons nie meer verwyderd nie – ons het direkte toegang tot God deur ons Saligmaker Jesus Christus.

Is u iemand na God se eie hart? Koning Dawid van Israel is nog 'n "held van geloof" wat in Hebreërs 11 genoem word. God noem hom "'n man na my hart" (Handelinge 13:22). Het hy hemel toe gegaan of is hy nog in die graf?

In die Koninkryk van God wat nog na hierdie aarde toe moet kom, sal Koning Dawid heerser wees oor al die stamme en volkere van Israel en Juda (verg. Esegiël 37:24; Jeremia 30:9). Dawid moet sekerlik in die hemel wees as die regverdiges, die oomblik wanneer hulle sterf, soontoe gaan. Tog wys die Bybel baie duidelik dat hy *nie* daar is nie!

Op Pinksterdag – die einste dag dat die Nuwe-Testamentiese Kerk gestig is – sê die apostel Petrus: "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe" (Handelinge 2:29). Na die dood, begrafnis en opstanding van Christus, was Dawid steeds dood en begrawe! Petrus gaan voort en verduidelik: "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (vers 34)! Dawid, soos al die ander getroue heiliges, wag op die opstanding!

Vir baie gelowige mense is die vals konsep van die onsterflike siel geleer en as gevolg daarvan is hulle bang, nie net vir hul eie toekoms nie maar ook vir dié van hul vriende en familie wie, vrees hulle, tans in 'n ewige hel gemartel word. Die waarheid is egter dat geen mens wat ooit geleef en gesterf het nou in 'n helvuur gemartel word nie!

U Bybel verwys duidelik figuurlik na die dood as 'n slaap. Jesus verwys na Sy vriend Lasarus se dood as 'n slaap (vgl. Johannes 11). Die dooies het geen bewussyn nie. "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Die dooies ondervind geen bewuste tydsverloop nie. In die volgende breukdeel van 'n sekonde van hul bewussyn, sal hulle in die opstanding ontwaak.

**Die gees van die mens**

Ons word nie gebore met 'n onsterflike siel nie, maar ons het wel 'n menslike siel. Soos die apostel Paulus skryf: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God" (1 Korintiërs 2:11). Die stamvader Job maak dié stelling: "Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak" (Job 32:8). Daardie gees, in samewerking met die menslike verstand, gee aan mense "breinkrag" wat glad nie vir diere beskore is nie. Die menslike gees is egter nie 'n siel nie en het nie bewustheid wanneer dit van die mens se verstand verwyder is nie. Wanneer iemand 'n ware bekeerde Christen word, werk die Heilige Gees saam met die gees van die mens en word ons verwekte kinders van God. Daarna neem die bekeerde Christen toe in die genade en kennis van Christus (vgl. 2 Petrus 3:18). Deur Christus wat in ons leef, word ons verander na die einste aard en denke van Christus. Ons het God se karakter, liefde en aard!

Hoe is dit dat ons so 'n verstommende seën kan bekom? Omdat die Verlosser van die wêreld dood, begrawe en herrese is. Petrus skryf: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd" (1 Petrus 1:3-5).

Ons het 'n lewende hoop omdat Christus uit die dood ***opgestaan*** het. Party mense glo verkeerdelik dat Jesus in die hel vir geeste gaan preek het terwyl Sy liggaam in die graf gebly het. Dit is heeltemal onwaar! Jesus sê duidelik dat Hy dood was toe Hy gesterf het! "Ek is die eerste en die laaste en die lewende; *en Ek was dood* en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood" (Openbaring 1:17-18). Voordat Jesus vlees geword het, preek Hy vir die "geeste in die

gevangenis" gedurende die dae van Noag "toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het *in die dae van Noag*, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is" (1 Petrus 3:20). Jesus was vir drie dae en drie nagte dood en in die graf, of in "die hart van die aarde", net soos Hy in Mattheus 12:40 beloof het. Indien Hy nie werklik gesterf het nie, het ons geen Saligmaker nie.

**Vir ewig verlore?**

Wat gebeur met die biljoene mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit Christus se opoffering te aanvaar? Is hulle vir ewig verlore? Nee! God is billik en regverdig. Hy sal ***nie*** geestelik verblinde mense na die poel van vuur stuur sonder om hulle ooit 'n geleentheid op verlossing te gee nie. God sal daardie sondaars hul ***eerste*** werklike geleentheid op verlossing gee tydens die "Laaste Oordeel". Die apostel Johannes skryf: "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:12).

Vandag is almal wat egter ooit gesterf het, ***behalwe Jesus Christus***, sonder lewe of bewussyn, wagtend op die opstanding. Ware getroue Christene sal in die eerste opstanding wees wanneer Christus terugkeer. "Die res van die dode" sal met die tweede algemene opstanding opgewek word vir oordeel in die Laaste Oordeel. Biljoene mense sal dan hul eerste geleentheid op verlossing hê deur Christus. Hul oë sal geopen word en hulle sal die ware evangelie verstaan. Hulle sal 'n leeftyd gegun word om hulself te bekeer en hul lewens aan Christus te wy. Aan die einde van hierdie tydperk van oordeel sal diegene wat opstandig is en hul gewetens verstomp het, wat die onvergeeflike sonde pleeg, in die poel van vuur vernietig word en die pynlike "tweede dood" sterf waarvan daar geen opstanding is nie (Openbaring 20:14-15).

Dank God dat geeneen van u afgestorwe vriende of familie nou die foltering van helvuur verduur nie. Hulle sal egter opgewek word vir oordeel om óf die gevolge te dra omdat hulle God se Waarheid verwerp het, óf om vir die eerste keer aan daardie waarheid blootgestel te word, mits God hulle nie voorheen na die Waarheid gebring het nie. Word *u* nou geroep? Indien wel, kan u nie wag nie; God wil u in die eerste opstanding hê: "'n Beter opstanding" (Hebreërs 11:35). Mag God u seën met Sy ware begrip van lewe en dood en Sy hoop vir ***u*** toekoms. WvM


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# Vrae & Antwoorde

## VRAAG: Verwys die Bybel se stelling "die Gees in die mens" (Job 32:8, 18) na God se Heilige Gees, of na 'n "onsterflike siel" in mense wesens?

**ANTWOORD**: Die antwoord is – *nie een van die twee nie*! Hoe dit ook al sy, daar is 'n "gees" in alle mense (Sagaria 12:1). Die meeste belydende Christene glo dat hierdie gees 'n "onsterflike siel" is wat in ons leef en ons by die dood verlaat. Om die waarheid te sê kom hierdie idee *nie* uit die Bybel *nie*, maar van antieke Egiptenare af; dit het ons bereik deur die Grieke, wat die idee eerste gewild gemaak het deur die geskrifte van Plato.

In teenstelling verduidelik Jesus dat 'n "siel" (Grieks *soma*, Hebreeus *nephesh*, verwys na 'n *fisiese* lewe en nie na 'n geestelike wese nie) *vernietig kan word* (Mattheus 10:28)! Esegiël het gesê dat "die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Esegiël 18:4, 20). Ons sien dus dat die "siel" *nie* onvernietigbaar is *nie*. Met sy skepping het die mens "'n lewende siel" *geword* (Genesis 2:7). Die mens *het* nie 'n siel nie. Die mens ***is*** 'n "siel". Wat is hierdie "gees" dan wat in elke mense wese is – en wat is die doel daarvan?

Toe God Adam en Eva geskape het, het Hy hulle die asem van die lewe gegee en ook 'n *nie-fisiese* element, die menslike gees, in hul brein geplaas. Diere kan nie die dinge van die mens weet nie. "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?" (1 Korintiërs 2:11). Hierdie *geestelike* kern, in samewerking met die fisiese brein, maak die menslike intellek moontlik – die mens se vermoë om te dink, te redeneer, te beplan en te skep. God het nie hierdie vermoë aan die diere gegee nie; hulle maak geheel en al staat op instink.

Op dieselfde manier, net soos geen dier die dinge van die mens kan weet nie, kan geen mens die geestelik geopenbaarde dinge van God behoorlik verstaan sonder *'n ander geestelike element* nie. Die Bybel onthul dat die mens geskape is met 'n behoefte aan *'n ander* gees – die Heilige Gees van God – wat met die menslike gees in die verstand werk. Met God se Heilige Gees kan ons dan die geestelike dimensie verstaan, insluitend die "dieptes van God" (verse 9-12). "So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God" (1 Korintiërs 2:11).

Deur God se plan van verlossing kan ons die Heilige Gees van God ontvang (Handelinge 2:38; Johannes 7:38-39), wat *bygevoeg* word tot ons menslike gees. Ons is geestelik "verwek" van God wanneer ons die Heilige Gees ontvang. God is besig om 'n Gesin te skep (Efesiërs 3:14-15; 1 Johannes 3:1-3). Die menslike gees in die mens en die Heilige Gees van God *verenig* om 'n *geestelik verwekte* kind van God te maak (Romeine 8:14-17, NV), net soos die manlike spermsel en die vroulike eiersel verenig om 'n verwekte (maar nog nie gereed vir geboorte) menslike wese te vorm. Ons groei dan geestelik regdeur ons lewens, totdat ons weer gebore word tydens die opstanding en tot die Godgesin toetree as goddelike wesens wat geheel en al uit gees saamgestel is. WvM

# Profesie neem

## Waar is die "Verlore" Stamme van Israel?

Geleerdes en Bybelstudente wonder lank reeds oor waar die Verlore Stamme van Israel hulself bevind. Baie het aangeneem dat hulle na 'n tydperk van gevangenskap in antieke Assirië uit die geskiedenis verdwyn het of dat hulle na Jerusalem terug gedwaal en as Jode bekend geword het. Ander beweer dat hulle die Verlore Stamme in die een of ander afgeleë uithoek van die aarde "opgespoor" het. Hierdie bespiegelende idees laat egter na wat die Bybel onthul en wat in die geskiedenis opgeteken staan oor die Israelitiese stamme.

Die meeste hedendaagse geleerdes begryp eenvoudig nie die belangrikheid van Bybelprofesieë wat die huidige liggings aandui van die sogenaamde Verlore Stamme nie. Hoewel baie profesieë *verseël* is "tot die tyd van die einde" (Daniël 12:4), is voorspellings oor die stamme van *Israel bedoel om verstaan te word net voor die Wederkoms van Jesus Christus!* Hierdie merkwaardige profesieë word vandag vervul!

**Spesifieke eienskappe**

God het byna 4,000 jaar gelede *spesifieke eienskappe* aan Jakob openbaar wat sy 12 seuns se afstammelinge sou identifiseer "**in die laaste dae**" (Genesis 49:1). Moses het sowat drie eeue later soortgelyke profesieë aangeteken (Deuteronomium 33).

Hoewel baie belydende Christene aanneem dat hierdie Ou-Testamentiese profesieë nie meer van toepassing is nie, is niks verder van die waarheid nie! Ons leef in 'n tyd waar ons kan terugkyk op gebeure en herken hoe hierdie antieke profesieë deur nasies wat *vandag bestaan*, vervul is!

Die skrif het voorspel dat Juda die Messias sou voortbring; mense met donker oë wat bekend is daarvoor dat hulle die Ou-Testamentiese wette van God aanhang en soos 'n opgejaagde leeu aan die nek van hulle vyande sal wees (Genesis 49:8-12) – 'n gepaste beskrywing van die Jode in die hedendaagse nasie Israel. Maar wat van die ander stamme?

**Nie altyd verlore nie**

Dit is belangrik om te besef dat die sogenaamde "verlore" stamme nie *altyd* verlore was nie. Jesus het aan Sy 12 dissipels gesê: "gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel" (Mattheus 10:6). Om aan hierdie opdrag te kon voldoen, moes die Israelitiese stamme se gebied waar hulle hul bevind het, *bekend* gewees het! Die boek Jakobus is opgedra "aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is" (Jakobus 1:1). Jakobus het aan 'n bekende gehoor geskryf. Josephus, 'n Jood, het in die eerste eeu n.C. geskryf: "Die tien stamme is steeds oorkant die Eufraatrivier en is 'n groot menigte" (*Antiquities of the Jews,* 11:5:2). Hulle was in Partië – die gebied suid van die Kaspiese See – waar die Israeliete eeue tevore in gevangenskap was.

In die vroeë 4de eeu n.C. het Eusebius geskryf dat die apostel Thomas na Partië en Andréas na Skitië gegaan het – gebiede naby die Swart- en Kaspiese Seë waar die Israeliete hulle bevind het (*History of the Church, 3:1:1).* Vroeë tradisies koppel ook die bediening van Bartholoméüs en Filippus aan hierdie selfde gebiede wat daarop dui dat die Apostels geweet het waar

die Israelitiese stamme in hulle tyd gevestig was.

Om *vandag* profesieë te verstaan is dit van kardinale belang om te weet wat die identiteit en ligging van die *hedendaagse* Israelitiese nasies is, aangesien stormagtige gebeure gaan plaasvind net voor Christus se Wederkoms wat *almal* in hierdie nasies gaan raak (sien Jeremia 30:7).

Die profeet Jesaja beskryf die verstrooide stamme se terugkeer na Jerusalem as volg: "Kyk, hulle hiér kom van ver, en kyk, hulle dáár kom van die **noorde** en van die **weste**, en hulle dáár kom uit die land van die Siniete" (Jesaja 49:12). Die verstrooide stamme moet noord en wes van Jerusalem wees, maar hoe kan ons onderskei tussen hulle? Dit is een rede waarom die nasionale eienskappe wat in Genesis 49 en Deuteronomium 33 voorkom, belangrik is.

**Kinders van Josef**

Hierdie profesieë openbaar dat die kinders van Josef – Manasse en Efraim – teen die einde van hierdie tydvak wat in ongeveer 1800 n.C. begin het, die prominentste Israelitiese volke sal wees – 2,520 jaar nadat hulle in gevangenskap geneem is. Dit is voorspel dat die nageslag van Manasse 'n groot nasie sal word en dat Efraim 'n menigte van nasies sal word (Genesis 35:11; 48:19). Saam sou hulle die uitgesoekte plekke op aarde beërwe, die poorte van hul vyande besit, regoor die wêreld kolonies stig en vrygewige mense wees wat bydra tot die welstand van die mensdom (Genesis 22:17-18; 49:22-26).

Hierdie beloftes is vervul deur die Verenigde State, die Britte en die nasies van die Britse Gemenebes. Geen ander nasies kom *naby* daaraan om hierdie eindtyd beskrywings te pas nie. Die besonderhede van hierdie onderwerp is heeltemal te ingewikkeld om volledig in 'n kort artikel te dek. Vir meer inligting aangaande hierdie onderwerp, skryf gerus vir 'n ***gratis*** kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

**Verloklike leidrade**

Ander kort beskrywings wat in Genesis 49 gegee word openbaar verloklike leidrade omtrent die hedendaagse afstammelinge van die "verlore" stamme.

Die stam van Ruben sou 'n dig bevolkte nasie word wat die mag en waardigheid van 'n eersgeborene vertoon, maar "soos stormwater ... onstuimig" sou wees met 'n neiging om seksuele hartstog te wil bevrediging (Genesis 49:3-4; Deuteronomium 33:6). Die hedendaagse Frankryk, die afstammeling van Gallië wat oorspronklik van Israel was, pas goed by hierdie beskrywing. Wanneer 'n Franse eerste-minister openlik 'n minnares aanhou, knip niemand 'n oog nie. Frankryk was vir eeue 'n koloniale moondheid en Frans was die taal van diplomasie. Frankryk se voorrang het egter gekwyn ten gunste van die VSA en die Britse Gemenebes.

Die stam van Dan was voorspel om "'n slang op die pad" te wees (Genesis 49:17); hul swerwende mense sou hulle merk laat op plekke soos Denemarke.

"Sebulon woon by die strand, by die strand waar skepe is" (vers 13) en

"verheug jou, Sébulon, oor jou togte" (Deuteronomium 33:18-19). Dit stel 'n seevarende nasie voor wat aan die kus woon en handel dryf – soos die Nederlanders.

Gad "lê soos 'n leeu" en speel 'n leidende rol tussen die nasies soos een wat "die bepalings van die Here nagekom [het]" (verse 20-21). Dit laat mens dink aan Switserland, wat sedert die 1500's neutraal staan, tot die tande gewapen is met die klem op verdediging en die tuiste van baie internasionale organisasies is.

Símeon en Levi moes onder die stamme verstrooi word weens hul gewelddadige geaardhede en eiewillige dade (Genesis 49:5-7). Die Leviete moes egter leermeesters van God se insettinge en verordeninge aan die stamme wees (Deuteronomium 33:8-11) en was gekies om in die tempel te dien weens hul musikale talente (1 Kronieke 15:16-22).

Aser se "spys is vet, en hy lewer koninklike lekkernye" en dryf handel in yster, koper en olie (Genesis 49:20; Deuteronomium 33:24-25). Issaskar word beskryf as "'n sterk pakdier [wat] gaan lê tussen sy twee saalsakke" (Genesis 49:14-15). Náftali is "soos 'n wildsbok so vry ... wat mooi woorde laat hoor" (vers 21) en Benjamin soos "'n wolf wat verskeur" (vers 27).

Hierdie antieke profesieë – wat *bedoel is om in die laaste dae verstaan te word* – verduidelik die ligging en eindtyd rolle van die hedendaagse Israelitiese nasies. Die Kerk wat Jesus Christus gevestig het, het die opdrag gekry om die mense van hierdie nasies in te lig *waarom* hulle geseën was en wat die toekoms vir hulle inhou.

***—Douglas S. Winnail***


# Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Meer as 50 jaar gelede het mnr. Herbert W. Armstrong (1892 – 1986) 'n boek geskryf getiteld "The United states and British Commonwealth in Prophecy". Gedurende sy leeftyd het menige uitgawes van hierdie boek verskyn, maar dit is nou etlike jare al onverkrygbaar.***

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie!

# Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

***Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig.***

***Waarheen sal dit alles lei?***

***Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar. Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie!

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan" (Esegiël 33:30-31).

Mag God gee dat u in staat sal wees om *wakker te word* en te **reageer**! Dit is in u ewige belang dat u **nie** bang is om te erken dat u **nooit** persoonlik die soort "bekering" ervaar het waarvan die Bybel praat nie **–** dat u nog **nooit** die ware krag van die Heilige Gees in u lewe ervaar het, om u te help om te **groei** "tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efesiërs 4:13).

*Laat ek doodeerlik wees!* Die meeste belydende Christene en kerkgangers was nog **nooit** die kragtige boodskap van die komende Koninkryk van God geleer nie. Hulle was nog **nooit** geleer wat "sonde" werklik is nie! Hulle was dus nog *nooit in staat* om hulle ten volle te **bekeer** en behoorlik gedoop te word soos God beveel het nie.

Is *u* geleer van ware berou tot bekering?

Lees asseblief die volgende verduideliking, van ware bekering deur een van God se getroue dienaars, noukeurig:

"Laat ek dus hier iets noem van bekering wat ek vind die meeste mense nie verstaan

nie.

Die BEKERING wat vereis word, as 'n *voorwaarde* vir ware bekering deur die ontvangs van God se Heilige Gees, is iets baie anders as wat die meeste mense veronderstel. Dit is oneindig meer as om net God se WAARHEID, of deel daarvan, te "sien" en goed genoeg te wees om dit aan te neem en te aanvaar. Dit is iets heel anders as om slegs *met sekere leerstellings saam te stem*.

Wie u ook al is, U HET TANS of *in die verlede* 'n AFGOD gehad. U het 'n ander 'god' voor die aangesig van die ware lewende Almagtige God gehad. Dit mag dalk u stokperdjie of gewoonte tydverdryf wees. Dit mag u man of vrou, kind of kinders wees. Dit mag u werk wees. Dit mag u eie YDELHEID, u grimering, u besigheid of beroep wees. Dikwels is dit die *opinie van u vriende*, u familie, vriendekring, sosiale- of besigheidskennisse.

Wat dit ook al is, daardie afgod moet eers VERBRYSEL en VERNIETIG word, dit moet letterlik *uit u gedagtes geruk word*, al maak dit seerder as om u tande en deel van u kakebeen uit te ruk! Ek glo nie dat baie mense dit pynloos ervaar nie! Ek weet nie van enige verdowingsmiddel wat dit beter sal maak nie. Dit blyk dikwels meer pynigend as dood deur die ergste marteling te wees" (*Autobiography of Herbert W. Armstrong*, Vol. 1, bl. 593).

Geagte leser, het u al ooit *hierdie soort* ware **bekering** ervaar?

Jesus Christus is *nou* besig om 'n groep ware bekeerde, **veranderde** en getroue Christene op te lei om onder Hom te dien in Sy **komende wêreldregering**. Die tyd vir halfhartige Christenskap is verby! Die tyd om "kerk-kerk" te speel is verby! Lees asseblief die artikels in hierdie uitgawe noukeurig en met gebed. Vra God vir ware *begrip* en vra God vir die *geloof* en *moed* om op Sy Waarheid te reageer!




# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**